

Skriflesing: Johannes 3:11-36; Lukas 13:22-30

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 7**

Teks: **Johannes 3:18, 36**

Sing- (Samesang Ps.144:1) Ps.84:2,6; Ps.86:1,3; Ps.66:7

Sondag 6 was die begin van groot dinge. Broeder en suster, juis in Sondag 6 is Christus in besonder ter sprake. Dit was toe al vir ons duidelik dat sonder die Woord van God, sonder die heilige Evangelie kan ek nie waarlik vir Christus ken nie. Die Woord van God staan voor alles, maar in Sondag 7 kom daar 'n baie belangrike deel by dat al is die Woord ten volle daar beteken dit nog nie dat ek omdat ek 'n Bybel het ek vanselfsprekend aan Christus en al sy weldade deel kry nie. Dit gaan in Sondag 7 om die *ware geloof*. Alleen, enkel en alleen net deur 'n ware geloof kan ek deel kry aan wat Christus waarlik vir my wil wees.

Ek en jy moet waarlik glo. Dit is ononderhandelbaar. Ja dit is 'n saak van lewe of dood. Die (1) noodsaak van geloof, die (2) wese van geloof, wat die (3) inhoud van ons geloof moet wees is wat in Sondag 7 na gekyk moet word.

Die vraag wat die noodsaak van ons geloof inlei is 'n vraag wat eintlik na Sondag 3 terugryp. Daar in Sondag 3 het ons voor die Here erken dat die verdorwe natuur van die mens is so 'n mate verrot is dat **almal in sonde ontvang en gebore word...en dat ons glad nie in staat is om iets goed te doen nie, en dat ons tot alle kwaad geneig is.** Sondag 3 praat baie duidelik van alle mense. Groot of klein, gelowig of ongelowig, hier gaan dit oor alle mense is so verdorwe. Alle mense is in hulleself ewe sleg, ewe verlore, tot alle kwaad geneig. Dit wat by Adam begin het, daardie harde kant van sonde en ellende, kan op geen manier sagter gestel word nie. Niemand moet eers probeer om die feit van hoe ons in Adam in onself totaal en al verdorwe en verlore geraak het op enige manier weg te redeneer nie. Dit is nooit weg te redeneer nie, maar nou het Sondag 6 tog Christus aan ons verkondig. Hy wat waarlik ons Verlosser kan wees, en Hy wil dit ook wees, maar nou is die vraag - is Christus daar vir almal!

Sondag 3 was tog almal ter sprake- die ellende geld vir almal, maar geld die verlossing nie ook vir almal nie?! **Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle**

deur Adam verlore gegaan het?... Ons kan die vraag so bietjie anders ook vra- Moet ons glo dat Christus vir alle mense gesterwe het? Dit hang net van jou af of jy dit wil glo of nie. As jy dit dan glo dan sal jy salig word anders as jy dit nie wil glo nie, dan sal jy gered kan word nie? Is dit hoe ons hierna moet kyk, broeder en suster, is dit wat ons belydenis bedoel?

Hoegenaamd nie! Alle mense word nie gered soos wat ons weet alle mense in Adam ewe verlore geraak het nie. Dit mag miskien na 'n harde antwoord klink, maar weet u dit is hoe God se liefde werk. Ja dit is hoe liefde, liefde wek deur nie met soetsappige mooi mens gerigte gedagtes en gevoelens antwoorde te soek nie, maar God se liefde, en alle liefde wat God wek word deur die waarheid gewek. Die waarheid van ons belydenis staan in Sondag 7 geheel en al met die waarheid van die uitverkiesing in verband. Alleen die uitverkiesing en dit wat ons as waarheid uit God se Woord ontvang laat my, my hand na Sondag 7 uitsteek. Die belangrikste is dat niemand van ons, sal ons hand na God kan uitsteek as God nie eerste sy hand na ons uitgesteek het nie. Die geloof is die enigste hand waarmee ek Christus kan ontvang, maar waar kry ek so 'n hand wat ek na Christus kan uitsteek?

God gee sy kind daardie hand wat nie vir alle mense gegee word nie. Johannes 3 gee vir ons hier baie lig- eers vers 18 waar ons lees *hy wat in Hom glo word nie veroordeel nie, maar Hy wat nie glo nie is reeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie...* Geloof maak die verskil, maar die uitverkiesing maak die onderskeid. As daar staan sekere mense is reeds veroordeel, m.a.w. hulle word nie maar net geoordeel op die feit dat hulle nie nou wil glo, maar hulle oordeel is deel van dit wat die uitverkiesing beteken. Dan word vers 36 ook net nog duideliker- *Hy wat in die Seun glo het die ewige lewe, maar Hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op Hom!*

Ons lei hieruit af- *hulle wat reeds veroordeel is-* (v.18)- *daar is 'n toorn wat op hulle bly* (v.36), dit kom nie maar nou eers op hulle rus nie! Dit is eintlik so duidelik- Die toorn van God rus op alle mense sonder onderskeid, dit is iets wat gekom het om te bly, want

sonde het deur Adam maar ook deur ons sondes wat ons net nog meer maak gekom om te bly. Daar was nog nooit 'n tyd waarin God Hom nie oor sondes verskriklik vertoorn het nie. Sy toorn bly, maar enkel en alleen deur Christus, deur sy soenverdienste, dit wat ons by herhaling in Sondag 5 gehoor het, dat daar BETAAL moet word, Christus het betaal! Daardie betaling, daardie bloed wat gevloei het, is nie jou en my bloed nie, maar is bloed waarvoor ons niks kon bydra nie, maar dit kom as't ware na ons toe aangevloei. Ons ontvang dit, sonder dat ons 'n druppeltjie kon bydra.

Maar soos die druppel ink waarmee hierdie besondere belydenis geskryf is die wêreld moet laat dink, so het Christus nie net bloed wat Hy vir ons gegee het nie, Hy het Hom in alles gegee. Sy hele liggaam, sy alles is doodgemaak, sodat waar ons in sy dood begrawe kon word, ons ook in sy lewe met Hom kon opstaan. Daar het ons dit, ons word in Hom ingelyf. Wie in sy dood ingelyf kon word, sal soveel te meer in sy opstanding, in daardie opstandingsliggaam reeds ingelyf wees.

Dit is die wonderlike van Sondag 7 dat dit gaan om Christus se bloed, maar nog meer om Sy liggaam, ja die Christus wat sy liggaam sy kerk noem. Jy en ek wat glo is ingelyfdes, alleen die Heilige Gees kan dit doen. So min soos wat jy kon bydra dat jy gebore kon word, so min kan jy tot jou eie wedergeboorte bydra, totaal en al passief en hulpeloos het almal van ons as babatjies hierdie wêreld ingekom, maar so *lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het* (HY IS EENVOUDIG NET GEGEE...OORGEGEE) *sodat elkeen wat in Hom glo* (hoor u dit weer- daar moet geglo word!), *nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*. Die ingelyf word staan die geloof absoluut voor. Ingelyf word in sy liggaam, is om Jesus Self te hoor van *Ek is die wynstok en my Vader is die landbouer...elke loot wat in My nie vrug dra nie*. Die loot is die wynstok ingelyf, ingeënt, ingeplant, maak nie saak hoe jy dit noem nie, dit moet eenvoudig daarvan deel wees om waarlik lewende loot te wees. Net soos jou arm wat in jou liggaam ingelyf moet wees, om waarlik as jou arm gebruik te word, so sal jy sonder hierdie inlywing wat alleen God deur sy Heilige Gees kan doen nie deel van Christus kan wees nie. Om in Christus te glo moet jy eers in Hom wees.

Hierdie wonderlike daad wat alleen God die oorsaak van kan wees, het 'n verruklike gevolg. Dit span eenvoudig die kroon oor alles. In jou lewe waar God die oorsaak van jou geloof is, sal daar eenvoudig nie daarby stilgestaan kan word nie. God het jou nou die hand gegee om hierdie hand na Christus uit te steek. As God dit nie vir my gegee het nie, dan het ek dit nie gehad nie, maar nou weet ons dit is nie my hand van geloof wat my red nie, maar dit is alleen net wat in daardie hand is, naamlik Christus.

Is dit werklik net altyd Christus, of kry mens hande wat lyk of dit geloofshande is, maar as jy mooi kyk wat daardie hande vashou dan is dit nie Christus nie, al word dit ook hande, geloofshande genoem. Daarom is die vraag nie net na geloof so geweldig belangrik nie maar net soveel die vraag na: *Wat is 'n ware geloof?* Die vraag na die noodsaak van geloof staan ten nouste verbind met wat sal die wese van so 'n noodsaaklike geloof dan wees? Namaaksels van geloof of nagmaakte geloof was nog nooit uitgesluit nie. Hoe onderskei ek dan daartussen? Tussen egte ware geloof en die nagmaakte namaaksel wat baie mense ook geloof noem.

Wanneer jy werklik vir Christus en al sy weldade aanneem dan sal jy jou weldade ook na die Woord van God toe bring. Jy sal jouself waarlik wil toets met watter geloof is ek besig. Besig om die spel van geloof voor God te wil speel of glo ek regtig? Hier moet ons fyn luister, want my en jou lewe is waarlik ten volle hier ter sprake. Ons weet reeds dat God in alle geval voor ons 'n baie nou poort oopgemaak het, waar daar hard gestry moet word om daar in te gaan. Jesus het Self hieroor gepraat en dit op twee maniere- Lukas 13- *Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.* En Matt:7:13 het die Here die ander kant net so duidelik gestel: *Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind...* Daardie min op die smal pad en wat deur die nou poort kan kom, is mense wat op twee maniere na gekyk moet word.

Ons kan na twee mense in die Here se Woord ook kyk. Daar in Lukas 7 was daar by die Here Jesus 'n Fariseër en 'n sondige vrou, werklik 'n vrou met 'n baie slegte verlede, maar sy het na die Here toe gegaan om sy voete te gaan salf toe sy gehoor het dat Hy in daardie bepaalde huis is. Albei is met ken en vertrou besig, dit wat ons Kategismus tog sê 'n ware geloof eintlik is- Kennis wat vasstaan, vertrou wat net so vas moet wees. Kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord openbaar vir waar aanvaar. 'n Vaste vertrou laat ons na hierdie twee mense nog verder kyk.

Die Fariseër het sekerlik baie meer kennis gehad as die vrou, hy het die OT sekerlik goed geken, want hy wil Jesus juis op grond van sy kennis van die profete uit die Ou Testament toets en beoordeel, ja selfs veroordeel. Volgens hierdie Simon die Fariseër, was Jesus veronderstel om ten minste net so groot te wees soos Moses en hy behoort te sien hoe 'n sondige vrou hierdie is. Daarom op grond van sulke kennis besluit hy Jesus is geen profeet nie. Die vrou wat 'n baie slegte verlede het, en haar kennis van wat profete uit die OT was, is sekerlik ook 'n nulpunt, maar het sy met vertrou die albaste fles met baie kosbare olie gekoop, met vertrou het sy na Jesus gegaan, sy voete met haar tranes gewas en met hierdie salf gesalf. Daardie vertrou wat sy het dat Jesus waarlik 'n Profeet, dat Hy waarlik haar sondes kan vergewe dit is 'n vertrou wat nie mense nie, maar alleen God aan 'n mens kan skenk.

Daarom benader ons saam met die Kategismus kennis en vertrou, dit wat 'n ware geloof op die einde moet vorm nie maar as blote kennis en iets van ek sal jou maar vertrou nie. Hierdie kennis wat alleen God jou kan gee is geopenbaarde kennis, is kennis wat jy nie self opgediep het nie, maar God het dit aan jou deur sy Gees as waar geopenbaar, soos wat dieselfde Heilige Gees nie net aan andere nie, maar ook aan my juis vertrou gegee het, dat soos wat my kennis van God kom, ek dieselfde vertrou mag ontvang, juis ook deur **my ken van die Evangelie dat God uit loutere goedheid slegs op grond van die verdienste van Jesus Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.** Die verskil tussen hierdie Simon en hierdie vrou laat ons weereens net besef moet nie op menslike logika jou kennis wil baseer nie. Daar kan uitverkorenes wees wat die kennistoets wat ons wil aanlê hoegenaamd nie sal slaag nie, en wat

oënskynlik in hulle sedelike lewe vê agter staan met wat ons van hulle verwag. Waar ons hierdie vrou heel waarskynlik aan die kant van die verwerptes sou plaas is sy die een wat hoor- *vrou, jou sondes is jou vergewe...*terwyl van Simon daar niks hier staan wat Jesus oor Hom positief aanvaar het nie. Baie mense sou oor sy kennis hom egter wou prys...as die uitverkorene terwyl 'n mens na alles nie weet of was hy dit werklik?! Dit is in alle geval 'n vraag wat niemand ooit namens iemand anders sal kan antwoord nie.

Hoe belangrik dat jy namens jouself moet kan praat...*dat ook aan my gegee is...*Die ware geloof raak my persoonlik, geheel en al dat my kennis en dat my vertrouwe werklik van God af kom. Soos God aan die begin alles op hierdie aarde uit niks uit geskape het, net so het Hy deur sy Gees en Woord in ons dooie leë harte die geloof geskep.

Die wese van die ware geloof het 'n ware inhoud. Daar bestaan ongetwyfeld geloof wat nie ware geloof is nie. Ons kan praat van historiese geloof, tydgelooft, wondergelooft, en elk van hierdie is ver verwyder van wat 'n ware geloof is. Historiese geloof wil net met die verstand alles aanvaar, die hart bly onaangeraak. So 'n historiese geloof is 'n verstandelike instemming om met die kop ja te knik, maar die hart praat nie met die verstand saam nie. Tydgelooft is tydelik. Dit is weer waar die emosie so vinnig opgesweep kan raak en dit word 'n opwelling van godsdienstigheid, maar gou gaan dit ook maar weer verby. Jesus het hierdie geloof vergelyk met die saad wat op die rotsagtige plekke gesaai was. Wondergelooft is weer wanneer jy glo dat 'n wonder in of deur ons bewerk kan word. As dit nie gebeur nie, dan is die geloof ook nie meer daar nie. Nege van die tien melaatses in Luk17:17-19 het geglo dat Jesus hulle werklik kan genees...wondergelooft, maar net een uit daardie tien het met 'n ware geloof, en nie 'n wondergelooft nie, in Jesus as Verlosser en Saligmaker geglo.

Ware geloof teen dit alles wat ons sopas gehoor het, is nie alleen kennis nie, maar is ook 'n vaste vertrouwe...*"nie alleen nie, maar ook..."*Dit is nie blote kennis nie, dit is ook nie blote vertrouwe nie, maar beide...Paulus sê self ook *dat al sou ek die wysheid hê, en al die kennis- dan sou dit my steeds niks baat nie...*Die kennis wat ons van die Here moet vra is dat ek nie net die Woord ken nie, maar terwyl ek met die Woord van die Here besig is,

dat die Here van die Woord ook met my sal besig wees. Sulke kennis word vaste vertrouwe want dan word ek ook in vertrouwe soos die skaap van die goeie Herder. Die skaap ken die Herder se stem en gaan in vertrouwe agter Hom aan. Sulke ware geloof laat my uitroep – *Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van die goeie verkondig.*

Wanneer dit ons deel mag wees, broeder en suster, wanneer jy waarlik kan sê dit is ook vir my, nie net vir ander nie, maar ook vir my, dan glo jy alles wat in die Evangelie aan ons beloop word. God se beloftes is die vaste grond, is die fondament waarop die voete van ons geloof dan onwankelbaar vas staan.

Die artikels van ons algemene ontwyfelbare christelike geloof wil nie iets by die Evangelie byvoeg nie, nêe, maar wil juis net 'n samevatting gee van dit wat die inhoud van ons geloof is. Die noodsaak om te glo, die wese van om te glo, het waarlik ook te doen in Wie ons glo. Dit gaan ook om die inhoud van ons geloof. Die Drie-Enige God is waaroor die Twaalf Artikels handel. Al is hierdie artikels waaroor 'n groot deel van ons belydenis vanaf Sondag 8 oor handel, nie soos die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer nie, het ons te doen met 'n belydenis wat tog met die krag van die Heilige Gees die toets van eeue en eeue deurstaan het. Daarom vind ek dit uitermate vermetel dat mense kan dink sonder om waarlik te besef wat hulle doen om aan die formulering van die Kategismus 'n verandering aan te bring sonder om werklik te kon aantoon dat hierdie belydenis verkeerd was.

Steenkool wat vir jare en jare in die aarde se kors weggeleë is, weet u met die Twaalf Artikels het ons te doen met wat met steenkool gebeur. Wanneer steenkool onder baie hoë druk geplaas word, dan word dit 'n diamant. Ons belydenis was al telkens onder geweldige druk geplaas, dink maar aan die tye van die verskriklikste vervolginge wat daar dwarsdeur die kerkgeskiedenis was. Daardie druk het gemaak soos met steenkool gebeur. Dit het in diamante verander.

As u die Twaalf Artikels vat dan moet dit vir u wees soos 'n groot diamant, pragtig geslyp, dit maak nie saak van watter kant die son daarop skyn nie, dit skitter! Laat ons

hierdie diamant wat ons in ons hande kan hou dan eenvoudig sy verskillende kante soos die verskillende Sondae op mekaar volg, elke keer na die son toe draai. Dit blink na alle kante, want het ons te doen met die heerlikheid van God die Vader wat sorg, God die Seun het ons deur sy bloed die lewe geskenk, maar het ons in dieselfde Twaalf Artikels ook te doen met die belofte van die reinigende werk van die Heilige Gees. God gee Homself aan ons. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees word aan ons belowe. Sondag 8-24 gaan in diepte hierop in. Laat ons met 'n ware geloof al dieper en dieper hierop wil ingaan, ek steenkool mens, maar as God met my besig is dan verander Hy die druk wat daar op ons is, dat steenkool soos diamante kan skitter. Mag God u dit maak in die Sondae wat hierdie belydenis in ons hande mag skitter?!

AMEN


Vrae uit Sondag 7

1. Word al die mense op aarde gered?
2. Sal alle kerkmense gered word?
3. Wat beteken dit om in Christus "ingelyf" te mag wees?
4. Wie maak hierdie "inlywing" moontlik?
5. Wat is daar wat jy kon bydra om in Christus sy kind te mag wees?
6. Wat sal jy as die wese van ware geloof bestempel? K....en v....
7. Wat is die verskillende namaaksels van geloof wat jy al van gehoor het?
8. Is dit maklik om 'n gelowige te wees? Motiveer?
9. Die vrou wat Jesus se voete gesalf het en Simon die Fariseër wat saam daar by Jesus was, wat kan ons uit hulle albei se geloof aflei?
10. Is dit belangrik dat jy persoonlik oor jou geloof moet kan getuig?
11. Waaroor gaan die Twaalf Artikels in hoofsaak? Dit kan in drie Name saamgevat word.

SONDAG 7

A 283 JOURNALS


20. Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?



21. Wat is 'n ware geloof?



22. Wat moet 'n Christen glo?



23. Hoe lui die artikels?

